Aangename kennis*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2 Graad 4

3 WIE IS EK?

4 Module 1

5 AANGENAME KENNIS

5.1 Aktiwiteit 1

5.2 Om aan 'n gesprek deel te neem [LU 2.1.3]

Vul die volgende inligting in om iets oor jouself te vertel.

Bespreek eers in jul groepe die gebruik van die hoofletter. Die kontrolelys onderaan sal vir jou help.
Persoonlike inligting
Naam en van:.....
.....
Graad:.....
Adres:.....
.....
.....
.....
Ouderdom: .....
Het jy die volgende onthou?

- hoofletters vir name en vanne, bv. Santie Smith.
- hoofletters vir name van strate, bv. Hoofstraat, Derdelaan.
- hoofletters vir name van dorpe en stede, bv. Houtbaai, Thabazimbi.

5.3 Aktiwiteit 2

5.4 Om vir inligting te lees [LU 3.3.5]

Lees eers die leesstuk in julle groepe deur en soek dan elkeen op jul eie al die name van liggaamsdele uit en onderstreep die woorde.

*Version 1.1: Jun 29, 2009 5:24 pm -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Vergelyk jou woorde met die res van die groep. Kyk wie die meeste woorde gekry het.

Ek **S**al **H**ulle **W**ys!

Die kinders terg my alweer oor my sproetgesig en rooi hare! Eben, my beste maat, het dan 'n krom neus en bakore. John het vet bolwange wat dril as hy hardloop en Manus se ken is skeef en lank. Grace, sy suster, is weer haasbek, want sy wissel haar tande en NIEMAND terg vir hulle nie!

Ek wens ek weet hoe om vir hulle te laat besef dat ek, net soos hulle, twee gesonde bene, twee sterk arms, tien vingers en tien tone het.

Ek, Tony, kan mos vinnig hardloop en net so hoog soos Manus spring. Dalk wen ek die beker vir die beste krieketspeler en dan sal almal van my hou, al het ek 'n sproetgesig en rooi hare!

5.5 Aktiwiteit 3

5.6 Om woordeskat op te bou [LU 3.6.2]

Sing die liedjie terwyl jy na die verskillende gesigsdele wys. Sing dit eenkeer deur en daarna kan die name van die dele van die gesig een vir een uitgelaat word, maar wel met aksies aangedui word.



Figure 1

Nou ken jy die name van die dele van jou gesig. Leer die woorde se spelling.

5.7

5.8 Aktiwiteit 4

5.9 Om te leer om korrek te spel [LU 4.5.2]

Die marionet ken nie sy liggaamsdele se name nie. Help hom asseblief deur die woorde langsaan te skryf. Vul die woorde eers op jou eie in. Jy kan gebruik maak van die woorde wat jy by die vorige oefening omkring het.



Figure 2

ASSESSERINGSTABEL VIR WOORDESKAT

Nadat jy die takie voltooi het en die spelling van die woorde gekontroleer het, merk af wat jou taak die beste beskryf.

KRITERIA

(a) Pas die woorde by die dele van die prent. .....
(b) Baie verwarring en baie woorde uitgelaat. .....
(c) Die woorde pas nie almal nie. Al die woorde is nie ingevul nie. .....
(d) Enkele woorde is verkeerd ingevul. .....
(e) Al die woorde pas. .....
(f) Spel die woorde korrek. .....
(g) Te veel spelfoute. Die meeste woorde is verkeerd gespel. .....
(g) Te veel spelfoute. Die meeste woorde is verkeerd gespel. .....
(h) Spelling kort nog aandag. .....
(i) Enkele spelfoute. .....
(j) Al die woorde is korrek gespel. .....
(k) Skryf die woorde duidelik. .....
(l) Onleesbaar en onnet. .....
(m) Leesbaar, maar onnet. .....
(n) Netjies, maar te klein of te groot geskryf. .....
(o) Netjies en die regte grootte skrif. .....

5.10 Assessering

5.11 LEERUITKOMS 1: LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne ‘n wye verskeidenheid situasies te reageer.

5.11.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:
1.2 mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings verstaan:

- fisiek op instruksies reageer (soos hoe om iets te maak).

5.12 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

5.12.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:
2.1 interaksie in sy/haar addisionele taal voer:
2.1.3 deelneem aan ‘n kort gesprek oor ‘n bekende onderwerp.

5.13 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

5.13.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- lees vir inligting:

3.3.5 met ondersteuning ‘n opsomming van ‘n paragraaf maak (vul byvoorbeeld ontbrekende woorde in ‘n paragraaf in);
3.5 vir genot en inligting lees:

- · raaisels oplos (soos blokkiesraaisels);
- naslaanwerke gebruik en woordeskat ontwikkel:

3.6.2 ‘n leeswoordeskat van ongeveer 1 000 tot 2 500 alledaagse woorde demonstreer.

5.14 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

5.14.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:
4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:
4.5.2 bekende woorde korrek spel.

5.15 Memorandum

5.15.1 Aktiwiteit 4

pols	kop
hand	skouer
knie	arm
tone	elmboog
	duim
	vingers
	been
	enkel
	voet

Table 1